Verwysing: 20200617-6527
Lêerno.: 12/2/8/12
Navrae: LB Shasha
IM Swartz

Omsendbrief: 0024/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en koshuise (met uitsondering van onderwyskolleges)

Kort opsomming: *Verhoging in die bedrae betaalbaar vir verblyf-, vervoer- en privaat losiesbeurse, en personeelsubsidies aan koshuise en skole.*

Onderwerp: Verhoging in bedrae betaalbaar vir verblyf-, vervoer en privaat losiesbeurse, en personeelsubsidies aan koshuise en skole

1. Goedkeuring vir 'n verhoging van die volgende beurse is verleen met ingang van **01 April 2020:**

1.1 Beurse vir verblyf in koshuise

Die maksimum losiesbeurse wat aan behoeftige leerders in koshuise verbonde aan gewone openbare skole betaalbaar is, is van R9 460.00 tot R9 914.00 per leerder per jaar verhoog.

1.2 Privaat losies- en vervoerbeurse

Die maksimum privaat losies- en vervoerbeurse wat aan behoeftige leerders in die Weskus-, Kaapse Wynland-, Eden en Sentaal-Karoo-, en Overbergdistrikte betaalbaar is, is van R2 220.00 tot R2 327.00 per leerder per jaar verhoog.

1.3 Let wel: Al die bogenoemde beurse word bereken volgens die goedgekeurde middeletoets (kyk Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanningsminuut 0001/2018 van 09 Maart 2018) en kriteria, soos uiteengesit in Omsendbrief 0143/1998 van 06 November 1998, en Omsendbrief 0029/2001 van 13 Maart 2001.

2. Goedkeuring is ook verleen vir die verhoging van die volgende personeelsubsidies met ingang van **01 April 2020:**

2.1 Die personeelsubsidie betaalbaar aan gewone openbare skole met 'n inskrywingstal van minder as 201 leerders, vir die aanstelling van administratiewe en algemene dienspersoneel, is verhoog van R620.00 tot R650.00 per leerder per jaar. 'n Minimum van R23 213.00 sal aan 'n skool betaal word.

2.2 Die personeelsubsidie betaalbaar aan gewone openbare skoolkoshuise met minder as 50 koshuisgangers, vir die aanstelling van administratiewe personeel, is verhoog van R9 460.00 tot R9 914.00 per leerder per jaar.

2.3 Let wel: Die personeelsubsidies word bereken volgens die kriteria wat in Omsendbrief 0117/2000 van 03 September 2000, en Omsendbrief 0025/2011 van 11 Oktober 2011 uiteengesit is.

2.4 Die personeelsubsidie betaalbaar aan kerk- of privaat koshuise, vir die aanstelling van administratiewe en skoonmaakdienstepersoneel, is van R2 160.00 tot R2 263.00 per leerder per jaar verhoog.

3. Geld sal slegs aan 'n skool oorbetaal word indien die distrikskantoor dit as finansieel gesond sertifiseer, soos gegrond op die finansiële aktiwiteite van vorige kwartale. As 'n skool voorts nie as finansieel gesond op of voor die einde van die boekjaar gesertifiseer word nie, kan die skool sy oordragbetalingsbefondsing verbeur.

4. **Kontaknommers vir navrae**

Onderwerp	**Naam**	**Telefoonno.**	**E-posadres**
Oordragbetalings: Koshuislosiesbeurse (A–E)	Mnr. Brian Veale	021 467 2752	Brian.Veale@westerncape.gov.za
Oordragbetalings: Koshuislosiesbeurse (F-O)	Me. Priscilla Isaacs	021 467 2445	Priscilla.Isaacs@westerncape.gov.za
Oordragbetalings: Koshuislosiesbeurse (P-Z)	Me. Jennifer Benting	021 467 2752	Jennifer.Benting@westerncape.gov.za

Oordragbetalings: Privaat losies en -vervoer	Mnr. M Ponti	021 467 2778	Mzwabantu.Ponti@westerncape.gov.za
Oordragbetalings: Personeelsubsidies	Mnr. A Muller	021 467 2843	Alfranco.Muller@westerncape.gov.za
Oordragbetalings: Kerk of privaat koshuise	Me. L Shasha	021 467 2770	Lungiswa.Shasha@westerncape.gov.za

5. Skole/koshuise word aangemoedig om enige navrae skriftelik by die betrokke persone hierbo in te dien, indien hulle nie per telefoon bereik kan word nie.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-08-21